

KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 79 29 Januarie 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Toi-Toi verwarring

Die skokkende feit dat dosente van 'n universiteit 'n sms ontvang wat hulle in kennis stel dat dit veilig is om die volgende dag werk toe te gaan spreek van 'n vlak van terreur wat nie eens teenwoordig was toe die noodtoestand in die jare tagtig uitgeroep is nie.

Die wurggreep waarin vakbonde en studente aktiviste die land het, is rede tot groot kommer. Die ironie van die twee groepe wat saamwerk, gaan ongesiens verby. Die babelse verwarring van dans omdat jy kwaad is en saakbeskadiging en vernietigende optrede as instrument om "positiewe" transformasie te bewerkstellig, is opsigself 'n *contradictio in terminis*.

Die agtergrond vir hierdie oorstuurse situasie kan onder andere teruggevoer word na die "Freedom Charter" wat in 1955 in Kliptown aanvaar is. Hierdie "vryheidsmanifes" is die basisdokument vir die ANC in enige beleid of besluit wat ter sprake kom. Die feit dat die Kommunisme wat hierdie dokument begrond reeds dekades gelede geval het, is volgens hierdie "comrades" nie ter sake nie.

Die manifes stel onder die opskrif "Werk en Sekuriteit" onder andere die volgende:

- Almal wat werk, mag deel word van 'n vakbond en mag dan onderhandel oor salarisse.
 - Die staat erken dat almal die reg en plig het om te werk en werkloosheidsvoordele mag kry.
 - Alle werkers het dieselfde regte.
 - Die deure van leer (*learning*) en kultuur sal oopgemaak word.
 - Die doel van onderwys (*education*) sal wees om die jeug te leer om lief te wees vir hulle (eie) mense en hulle (eie) kultuur, en om menslike broederskap, vryheid en vrede te eer/waardeer (*honour*).
 - Onderwys sal verniet, verpligtend, universeel en gelyk wees vir alle kinders.
 - Hoër onderwys (tersiër/ universiteit) en tegniese opleiding sal vir almal beskikbaar gestel word deur middel van staatstoelae en beurse wat op meriete toegeken sal word.
- Hoe gaan dit alles bekostig word? Die manifes stel in die seksie: Die volk (*People*) sal deel in die land se rykdom:
- Die nasionale rykdom sal aan die mense terug gegee word.
 - Die minerale rykdom onder die grond, die banke en monopolie besighede sal

oorgedra word aan die eienaarskap van die volk (*people*) as geheel.

- Alle industrieë sal beheer word om mense se welsyn te bevorder.

Nou kom die tameletjie; hierdie laasgenoemde deel van die manifes is nie nou al op die tafel nie. Hoe gemaak met die ander ideale. Nie eens SARS kan bloed uit 'n tuimelende ekonomie tap nie. Dalk is dit deel van die groter plan. Wys baie geld is nodig om almal gelukkig te maak en nasionaliseer dan alles.

Intussen dans die twee groepe wat betoog rustig saam, onbewus van die feit dat indien die een sy sin kry, die ander gaan verloor.

Indien die vakbond sy sin kry, word werkers by die universiteit permanent aangestel teen 'n minimum loon van R10 000 per maand ongeag enige verbetering in produktiwiteit of opneem van nuwe take. Dit gaan noodwendig beteken dat studente se klagselde verhoog sal moet word juis omdat die staat nie veel meer kan bekostig in terme van subsidies nie.

Kry die studente hulle sin en tersiêre onderwys word gratis aangebied, sal die universiteit sy begroting moet sny. Dit sluit in dat geen groot verhogings aan personeel betaal kan word nie en dat daar selfs 'n inkorting van personeel kan wees, veral die personeel wie se arbeid goedkoper deur kontrakteurs verrig kan word.

So terloops, die studente se beroep op die "*Freedom Charter*" bewys dat hulle nie die dokument ken nie. Daar word gepraat van toelaes en beurse op grond van meriete. Om met 'n sekere kleur vel gebore te word, is nie meriete nie.

Die absurde situasie is net een voorbeeld van die verwarring waarin ons tans leef.

BERIGTE

- Ons het met groot hartseer kennis geneem van die skielike afsterwe van mevrou Joey Rademeyer, gade van ds Wynand Rademeyer. Die begrafnis vind plaas Vrydagmiddag 29 Januarie om 1 uur by Tuine Gemeente.

- *Ons het die volgende berig ontvang oor die stigting van nog 'n GHG gemeente:* Sondag 17 Januarie 2016 is die Hervormde **Gemeente Ysterberg** op Potgietersrus gestig. Sondag die 24ste Januarie, word die verkose kerkraadslede van 3 ouderlinge en 2 diakens D.V. in die amp bevestig. Die eredienstyd is Sondag om 8h00 in die CVO-skoolsaal. Navrae kan aan die sekretariële beampte, Marie du Toit, gerig word. Haar kontaknommer is 083 258 5259.

- Ds Frans Marais van Grootvlei het die beroep na Meyerspark bedank.

- Tydens die beroepsvergadering van Meyerspark op 25 Januarie 2016 is ds Frans Oosthuizen van Pietersburg beroep.

- Tydens die Dagbestuur se vergadering van 22 Januarie 2016 is verskeie sake bespreek. Daar is met dankbaarheid kennis geneem dat beide studente nou in hulle tweede jaar is en dat die GHG se vakkenners sal moet begin skryf aan studiehandleidings. Dit sal in samewerking met die APA geskied.

- Die Kuratorium het laat weet dat hulle met spyt moet aankondig dat JP (Johan) van Greunen se akkreditasie terug getrek is.

- Die Dagbestuur het besluit om die GHG se webwerf se afdeling vir e-publikasies uit te brei. Mettertyd sal liturgiese voorstelle, lidmaatboekies, die stuk oor kernwaarhede, die Gelofte, en andere daar gevind kan word. Gemeentes kan dit dan aflaai en self druk of met *Teamworkprinters* of ander drukkers reël om dit te druk. Onthou dat u reeds die

dagstukkies, persverklarings en Skietlood kan vind op <http://www.geloofsbond.org.za>

- GHG predikante gaan D.V. op 27-28 April 2016 bymekaar kom om in diepte oor die doop te praat alvorens daar gekyk sal word na nuwe formuliere. Enige saak wat u wil voorstel as gesprekstema rondom die doop, kan gestuur word na ds Wolmarans gimwol@yahoo.com.

- Daar is ernstige behoefte aan kort termyn hulp vir Vaalwater gemeente. Gemeentes wat 'n bedrag kan afstaan om te help met preekvergoeding kan die geld in die Bond se rekening inbetaal en ons kassier ouderling Tom Greeff in kennis stel tomcases@lantic.net. Ons is oortuig R5 000 sal 'n goeie begin wees. Baie dankie dat ons op u steun kan staatmaak.

- Die Dagbestuur het indringend oor die hofsaak gepraat. Daar is konsensus dat ons sou verkies om tot 'n skikking te kom. Die NHKA stel steeds nie belang nie. Die Bond sal daarom moet bly veg. Die Regsfonds groei bevredigend. Die Besonderhede van Vordering is nou aan die teenparty gelewer. Hulle het nou ongeveer 'n maand om te reageer. Dit lyk hoogs onwaarskynlik dat die saak reeds hierdie jaar in die hof sal draai, maar die kans is goed dat dit vroeg volgende jaar tot 'n spits kan kom.

- Die versoek dat eredienste regstreeks op die internet gestroom moet word, is bespreek. Die koste implikasies rondom bandwydte op die internet is as grootste struikelblok geïdentifiseer. Daar is gemeentes wat hard werk om die ideaal te verwesenlik. Intussen is daar klank- en video preke beskikbaar op die Bond se webwerf.

- Gemeente Meyerspark doen elke week besoek by die Wilgers hospitaal. Wat besoeke bemoeilik, is dat pasiënte baie keer

nie hulle kerkverband op die opname vorm invul nie. Gevolglik het die hospitaal nie rekord van watter mense van die Hervormde Kerk in die hospitaal is nie. Ons wil graag almal besoek, ook lidmate van ander gemeentes. Skryf "Hervormd" of "GHG" by "Kerkverband" op die registrasie-vorm.

- Jongmense wat wil kwalifiseer as predikante moet as 'n saak van dringendheid by die Kuratorium aansoek doen om as studente geakkrediteer te word. Op hierdie stadium is daar heelwat predikante in die Bond wat ouer as 55 is. Teen die tyd dat hulle moet aftree, sal die nuwe predikante reg wees om te begin werk.

KENNISGEWINGS

Ons het die volgende brief ontvang

AAN: Alle gemeentes van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes
Bybelvasvra 2016

Soos in die verlede, gaan ons hierdie jaar weer 'n Bybelvasvra aanbied in gemeente-, streeks- en finale rondteverband. Ons wil u en u gemeente hartlik uitnoui om aan hierdie geleentheid deel te neem. Elke gemeente stel hulle eie vraestelle op en hou die eerste rondte van die vasvra in die gemeente. Dan word die eerste twee spanne (of meer spanne indien u verkies) deurgestuur na die streeksrondte. Met die streeksrondte organiseer die leraars van die onderskeie gemeentes onder mekaar wie die vraestelle opstel en al die logistiek rondom die vasvra. Die twee wenspanne in elke afdeling (of meer spanne indien u verkies), vorder dan na die finale rondte. Met die finale rondte sal ekself die vraestelle en memorandumms aan die gemeente-leraars deurstuur. Die vraestelle word op Saterdag 27 Augustus 2016 per e-pos deurgestuur. Die gemeente-leraar maak afskrifte en die spanne skryf op

die tye soos die gemeentes verkies, en die antwoordstelle word teen 20:00 op 28 Augustus 2016 aan my gestuur na bybelvasvra@geloofsbond.org.za of gefaks na 086 625 9566. Uitslae van wenners word 'n week later aan gemeentes en op sosiale media bekend gemaak.

1. Kategorieë:

Laerskool Graad 1 tot 7

Hoërskool Graad 8 tot 11

Ander Matrieks en alle ander lidmate tot 120 jaar oud.

2. Spanne:

'n Span bestaan uit twee tot ses deelnemers per span. Span moet 'n spannaam hê en elke spanlid se naam, van en ouderdom moet op die vraestel aangedui word.

3. Datums

Gemeentevasvra: 24 Julie 2016

Streeksvasvra: 14 Augustus 2016

Finaal: 28 Augustus 2016

4. Bestek:

Handelinge 1 tot 9. Handelinge 12 tot 16 en Handelinge 22 en 23.

Asook Sondag 23 (V&A59) tot Sondag 30 (V&A82) uit die Heidelbergse Kategismus.

5. Vraestelle:

Vraestelle in al die onderskeie rondtes moet die volgende afdelings insluit:

Veelvoudige keuse

Waar of vals

Vul die ontbrekende woorde in

Blokkiesraaisel

Kort 1-punt antwoorde

SLEGS by Hoërskool en Ander word 'n afdeling bygevoeg met vrae wat twee of meer punte tel.

Geliewe my asseblief in kennis te stel of u gemeente aan die vasvra gaan deelneem en hoeveel spanne in watter kategorie gaan deelneem.

Gemeentes

Die leraar van elke gemeente moet my asseblief teen 30 Mei 2016 in kennis stel hoeveel spanne in die verskillende kategorieë gaan deelneem.

Streke

Die leraar wat die vasvra in streeksverband reël, moet my asseblief teen 30 Julie 2016 in kennis stel watter spanne aan die streeksronde gaan deelneem

Finale rondte

Die leraar wat die vasvra in streeksverband reël, moet my asseblief teen 17 Augustus 2016 in kennis stel watter spanne aan die finale rondte gaan deelneem.

Ek sien daarna uit om in hierdie verband van u te verneem.

Met dank

Ds. DA van Rooyen

Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Premiermyn Hervormde Kerk se jaarlikse paasspel vind plaas op 11 Maart 2016. Almal welkom om dit by te woon.

- Steve Hofmeyr tree op by Premiermyn Hervormde Kerk. Saterdag 23 April 2016. Beperkte sitplekke beskikbaar. Kontak Alta vir kaartjies 082 682 1252

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

•Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING by 018 381 1494.**

- Konsistorieboeke
- Reklame plakate en ander drukwerk

ella@teamwo



*JAARLIKSE GEMEENSKAPS
PASSIE/SPEL
ANNUAL COMMUNITY PASSION
PLAY*

VIA DOLOROSA
IN CULLINAN
11 MAART/11 MARCH 2016
Alta 0826821252
Babie 0826083523
Almal welkom

**Individue en gesinne welkom.
Kontak Yvette Otto vir oudisies en/
of navrae @ 0722237522**



23 April 2016 om 19:00
Hervormde Kerk, Cullinan
H/v Zonderwater & R515
R200-00 per persoon
Kerrie & Rys R30-00
Besprekings: Alta 082 682 1252